JAARLIKSE VERLOF WAT TYDENS KRAAMVERLOF OPLOOP

Vraag: Loop jaarlikse verlof tydens kraamverlof op?

Antwoord: Ja

Kort verduideliking:

Artikel 20(1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal dat 'n werknemer se "jaarlikse verlofsiklus" die tydperk van 12 maande is

- wat direk volg op indiensname; of
- na afloop van daardie werknemer se vorige verlofsiklus.

Artikel 20(2) bepaal verder dat 'n werknemer op 21 opeenvolgende dae se verlof per verlofsiklus geregtig is.

Nêrens in hierdie artikel word bepaal dat die oploop van verlof deur kraamverlof vertraag, of opgehef word nie. Die logiese gevolgtrekking is dus dat jaarlikse verlof tydens kraamverlof oploop.

Daar kan geredeneer word dat Subartikel 20(2)(b) 'n alternatiewe benadering toelaat. Volgens hierdie subartikel kan die partye ooreenkom dat verlof teen 1 dag/uur se jaarlikse verlof teen volle besoldiging vir elke 17 dae/uur deur die werknemer gewerk, of waarvoor hy/sy op betaling geregtig was, sal oploop. Indien die partye sodanige ooreenkoms aangaan, kan 'n mens redeneer dat verlof nie tydens kraamverlof sou oploop nie, aangesien die werknemer nie werk nie en nie op betaling geregtig is nie. Sodanige benadering is egter problematies. Dit sal waarskynlik, ingevolge Artikel 6 van die Wet op Diensbillikheid, as diskriminasie op grond van swangerskap, of gesinsverant-woordelikhede, teen 'n vrou beskou word.

Ten slotte word werkgewers dus aangeraai om toe te laat dat jaarlikse verlof normaal tydens kraamverlof oploop.

Artikel verskaf deur Jan Truter van Labourwise

www.labourwise.co.za is 'n aanlyn-diens ten opsigte van arbeidsverhoudinge, wat daarop gemik is om werkgewers met die implementering van doeltreffende arbeidsverhoudinge te help. Kontak hulle via die webtuiste, of by info@labourwise.co.za.